## 19.15 RAPPORT 7 – DEPUTATE JEUGSORG – KAMPE EN PROJEKTE (Art 154)

## 19.15 REPORT 7 – DEPUTIES YOUTH – CAMPS AND PROJECTS (Art 154)

A. Prof AJ Coetsee stel die Rapport.
Prof AJ Coetsee tables the Report.

B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report will be concluded during the Synod session.

C. **RAPPORT / REPORT**

| | |
|---|---|
| **1. Opdrag**<br>1.1 *Acta 2015:269, 3.1-3.3.*<br>1.1.1 Dat die opdrag oor Gee-geleenthede gekontinueer word.<br>1.1.2 Dat 'n ondersoek na 'n nasionale jeugkamp en/of – toer steeds op die agenda van die te benoeme Deputate Jeugsorg gehou word.<br>1.1.3 Dat voortgegaan word met die Frankfort-riviertoer sowel as die Boland Seekamp.<br>**Besluit: Punte 1.1 tot 1.1.3 kennis geneem.** | **1. Mandate**<br>1.1 *Acta 2015:269, 3.1-3.3.*<br>1.1.1 The instruction regarding Gee-opportunities is to be continued.<br>1.1.2 The investigation into a national youth camp and/or tour is to remain on the agenda of the next Deputies Youth Care.<br>1.1.3 The Frankfort River Tour and Boland Sea Camp go ahead.<br>**Decision: Points 1.1 to 1.1.3 noted.** |
| **2. Sake waarvan die Sinode kennis neem**<br>2.1 Die Deputate Jeugsorg het nie die Gee-geleenthede, die Frankfort-riviertoer of die Boland Seekamp georganiseer nie. Die logistieke reëlings is deur plaaslike gemeentes behartig. Die Deputate Jeugsorg het hierdie inisiatiewe, soos ander jeug-kampe en projekte regoor die land, met bemarking ondersteun.<br>2.2 Die nasionale jeugkamp word steeds deur getaakte Deputate ondersoek. Dit is veral die koste-implikasies en logistieke reëlings wat die meeste aandag verg.<br>2.3 Gemeentes wat hulp gevra het met kampe en projekte is vanuit die Jeugkantoor ondersteun.<br>**Besluit: Punte 2.1 tot 2.3 kennis geneem.** | **2. Matters that the Synod take note of**<br>2.1 The Deputies Youth Care did not organise the Gee-opportunities, the Frankfort River Tour or the Boland Sea Camp. The logistics were handled by local congregations. The Deputies Youth Care supported these initiatives, such as other youth camps and projects across the country, with marketing.<br>2.2 The national youth camp is still being explored by the Deputies. The cost implications and logistics are the primary points of interest.<br>2.3 Congregations that requested aid with camps and projects were supported by the Youth Office.<br>**Decision: Points 2.1 to 2.3 noted.** |
| **3. Sake waaroor die Sinode besluit**<br>3.1 Die Deputate gaan voort om kampe en projekte van plaaslike kerke met advies en bemarking te ondersteun. | **3. Matters that the Synod decide on**<br>3.1 The Deputies continue supporting camps and projects of local churches with advice and marketing. |

| | |
|---|---|
| 3.2 Die ondersoek na 'n nasionale jeugkamp en/of -toer word steeds op die agenda van die te benoeme Deputate Jeugsorg gehou. | 3.2 The appointed Deputies keep the investigation of a national youth camp and/or tour on the agenda. |
| **Besluit: Punte 3.1 en 3.2 goedgekeur.** | **Decision: Points 3.1 and 3.2 approved.** |